**Hoërskool Swartland**

(022) 482 1469
admin@swartlandhs.co.za
**www.swartlandhs.co.za**
*Posbus 253, Malmesbury, 7299*

# Hoërskool Swartland
# Erekleure en halfkleure kriteria

## Opgestel en hersien deur die erekleurekomitee

| | | |
|---|---|---|
| J Spies<br>Erekleurekomitee | H Bothma<br>Voorsitter beheerliggaam (waarnemend) | AJ Schoonraad<br>Skoolhoof |

Datum: 12|03|2026

# ERKLEURE EN HALFKLEURE KRITERIA

**Erekleure:** Erekleure bestaan uit die volgende wat aan 'n leerder vir uitsonderlike prestasie toegeken word, naamlik geborduurde skoolwapen, spesiale das en balkie. Die balkie sal die aard van die toekenning, sowel as die jaar wat dit behaal is, aandui.

**Halfkleure:** Halfkleure bestaan slegs uit 'n balkie wat aan 'n leerder vir uitsonderlike prestasie toegeken word.

## 1 ALGEMEEN

1.1 **Erekleure** kan slegs aan nuwe leerders toegeken word wanneer hulle die prestasie by Hoërskool Swartland bereik het – al het hulle by ander skole in dieselfde kategorie presteer.

1.2 Dit word van leerders aan wie kleure toegeken is, verwag om die gedragskodes van die skool te alle tye na te kom. Daar sal onverbiddellik teen leerders opgetree word wat die kleure van die skool in diskrediet bring of oneer aandoen.

1.3 'n Leerder wat 'n provinsiale span verteenwoordig tydens 'n nasionale byeenkoms sal 'n kontant bydrae ontvang as blyk van waardering. Met nasionale byeenkoms word die deelname van 5 of meer provinsies bedoel. (Met deelname van minder as 5 provinsies is die term 'Interprovinsiaal' van toepassing). Hierdie toekenning sal net gemaak word as die sportsoort in 'n ouderdomsgroep val wat onder 19 of laer is en waarvan die sportsoort op die amptelike lys van sporte is, soos aangedui in die amptelike prospektus van die skool.

1.4 Kleure kan aan leerders toegeken word wat in senior deelname (senior kampioenskappe ouer as 19) presteer op grond van die volgende twee voorwaardes:

- 1.4.1 die sportsoorte waaraan die leerder deelneem moet van die gelyste sporte wees soos in hierdie erekleure-kriteria dokument punt 3 saamgevat is.
- 1.4.2 in die sogenaamde nie–skool of buiteskoolse sporte geld dieselfde reëlings soos bo en soos van toepassing in 3.3.

1.5 Erekleure en halfkleure word toegeken sodra die leerder die prestasie behaal, om gekies te word vir die betrokke provinsiale unie. Indien 'n siekte, besering of enige aanvaarbare rede die leerder weerhou om aan die byeenkoms deel te neem, sal die kleure toekenning nog steeds gemaak word. Indien die erekleurekomitee besluit die rede vir onttrekking is onaanvaarbaar kan die kleure toekenning teruggetrek word.

1.6 **Die hoof kan sy diskresie, in konsultasie met die erekleurekomitee, gebruik om in uitsonderlike gevalle 'n aanbeveling vir 'n toekenning te maak.**

1.7 Erekleure word kwartaalliks, aan leerders oorhandig. Die ouers word na 'n Maandag saalbyeenkoms genooi waartydens die kleure oorhandig sal word.

1.8 Alle kleure-ontvangers se name word aan die einde van die jaar in die prysuitdelingboekie erken. Die kleure word nie weer op die prysuitdeling aan die leerders oorhandig nie.

## 2 AKADEMIES

### 2.1 EREKLEURE

a. Leerders in **graad 8 en 9** moet aan die volgende vereistes voldoen:

Leerders moet 'n gemiddelde van 90% behaal. Hierdie persentasie is die promosiepersentasie.

b. Leerders in **graad 10 en 11** moet die volgende vereistes behaal:

Leerders moet 'n gemiddelde van 80% behaal. Hierdie persentasie is die promosiepunt.

c. Leerders in **graad 12** moet die volgende vereistes behaal:

Leerders moet 'n gemiddelde van 80% behaal.

Die SBA-punt soos aan die einde van die rekordeksamen word gebruik. Om te kwalifiseer moet die leerder 'n volledige rekordeksamen aflê.

In die toekenning van erekleure kan die hoof sy diskresie gebruik om 'n aanpassing van 0,5% te doen - slegs van toepassing op graad 11 en 12.

Indien 'n graad 12-leerder 'n A-gemiddeld aan die einde van matriek behaal, kwalifiseer so 'n leerder ook vir erekleure.

### 2.2 HALFKLEURE

a. Leerders in **graad 8 en 9** moet die volgende vereistes behaal:

Leerders moet 'n gemiddelde van 80% behaal. Hierdie persentasie is die promosiepersentasie.

b. Leerders in **graad 10 en 11** moet die volgende vereistes behaal:

Leerders moet 'n gemiddelde van 75% behaal. Hierdie persentasie is die promosiepersentasie.

c. Leerders in **graad 12** moet die volgende vereistes behaal:

Leerders moet 'n gemiddelde van 75% behaal. Die SBA-punt soos aan die einde van die rekordeksamen word gebruik. Om te kwalifiseer moet die leerder 'n volledige rekordeksamen aflê.

### 2.3 ANDER AKADEMIESE PRESTASIES

Die hoof kan sy diskresie in konsultasie met die erekleurekomitee gebruik om in uitsonderlike gevalle 'n toekenning te maak.

a. Erekleure:

'n Leerder wat onder die eerste drie plekke eindig, in 'n Nasionale Olimpiade of soortgelyke kompetisie, verwerf erekleure in die betrokke vakgebied.

'n Leerder wat deur die Eskom streeks-ekspo verkies word om aan 'n Nasionale ekspo in Pretoria deel te neem.

b. Halfkleure:

Soos bo, 'n leerder wat onder die eerste twaalf kom, in 'n Nasionale Olimpiade of soortgelyke kompetisie, of wat Provinsiale kleure in die vakgebied behaal, verwerf halfkleure in die betrokke vakgebied.

'n Leerder wat by die streekskompetisie van die Eskom ekspo 'n medalje verwerf.

### 2.3.1 SPELKOMPETISIES

Erekleure:

'n Leerder wat in enige graad vir Afrikaans of Engels onder die eerste drie plekke, in 'n Nasionale kompetisie eindig

Halfkleure:

'n Leerder wat in enige graad vir Afrikaans of Engels onder die eerste vier plekke, in 'n Provinsiale kompetisie eindig en sodoende kwalifiseer vir die Nasionale kompetisie.

## 3 SPORT EN ANDER BUITEMUURSE AKTIWITEITE

***Kleure word toegeken aan alle sportsoorte en aktiwiteite wat op nasionale vlak georganiseer word. Die ouderdomsgroep waarin die kleure verwerf word, moet spesifiek vermeld word. Kleure kan in enige ouderdom en/of graad toegeken word.***

### 3.1 SPANSPORTE

#### 3.1.1 RUGBY

Erekleure:

'n Leerder moet tot die Boland o/18 A of Akademiespan of o/16 A-span of Akademiespan, of o/17 Sewesspan, of Wes-Kaapspan verkies word wat aan 'n nasionale toernooi deelneem.

Halfkleure:

'n Leerder moet verkies word vir die finale proewe (WP/Bolanddag) in die o/16 en o/18 ouderdomsgroepe **of** vir 'n Boland Sone-span verkies word, **of** die skool se eerste span in 70% van wedstryde, oor twee jaar agtereenvolgend, verteenwoordig.

#### 3.1.2 NETBAL

Erekleure:

'n Leerder wat tot 'n Wes-Kaapspan (of hoër) verkies word – alle ouderdomsgroepe.

Halfkleure:

'n Leerder wat na afloop van die Sone 1-proewe deurdring tot die Weskusspan en aan die Interdistrikstoernooi deelneem - alle ouderdomsgroepe.

ASOOK 'n leerder wat die skool se eerste span in 70% van wedstryde, oor twee jaar agtereenvolgend, verteenwoordig.

3.1.3 HOKKIE - slegs veldhokkie - binnenshuise hokkie is nie 'n skoolsport nie

Erekleure:

Leerders wat tot 'n IPT A-Bolandspan verkies word wat aan 'n Nasionale toernooi gaan deelneem – alle ouderdomsgroepe.

Leerders wat tot 'n IPT B-Bolandspan verkies word wat aan 'n Nasionale toernooi gaan deelneem – alle ouderdomsgroepe.

Halfkleure:

Leerders wat tot 'n Boland C-span en/of tot die hoogs moontlike streekspan verkies word en aan 'n streekskompetisie gaan deelneem.

'n Leerder wat die skool se eerste span in 70% van wedstryde, oor twee jaar agtereenvolgend, verteenwoordig.

3.1.4 KRIEKET

Erekleure:

'n Leerder moet een van die onderstaande spanne tydens KSA nasionale toernooi verteenwoordig:

a. Bolandspan O/15 of O/16
b. Boland O/17 en Boland O/17 Platteland
c. Boland O/18 en Boland O/18 Akademie

Halfkleure:

'n Leerder wat in 'n Boland Elitegroep opgeneem word of die Wes-Boland span haal, of die skool se eerste span in 70% van wedstryde, oor twee seisoene agtereenvolgend, verteenwoordig. ('n Krieketseisoen strek vanaf kwartaal 4 tot die volgende jaar se kwartaal 1)

3.1.5 TOUTREK

Erekleure:

'n Toutrekspan (enige gewig) wat onder die eerste 3 spanne by die Nasionale toutrekbyeenkoms eindig.

Asook: 'n Leerder wat in die Senior Ope-afdeling deelneem en tot die SA-span verkies word.

Halfkleure:

'n Leerder wat in enige graad aan 70% van die byeenkomste oor die tydperk van 2 jaar deelneem.

'n Toutrekspan (enige gewig) wat onder die eerste 3 spanne van die provinsie by die Wes-Kaapkampioenskappe eindig.

## 3.2 INDIVIDUELE SPORTSOORTE

### 3.2.1 ATLETIEK

Erekleure:

(i) Indien 'n atleet tot 'n provinsiale span soos Wes-Kaap verkies word en aan die SA Skole Kampioenskappe deelneem.

(ii) Tot die Boland Atletiek Jeug en Juniorspan verkies word en aan die ASA Jeug en Junior Kampioenskappe deelneem.

(iii) Tot die Boland Atletiek Seniorspan verkies word en aan die ASA Senior Kampioenskappe deelneem.

(iv) Tot die Wes–Kaapspan verkies word en aan die SA Nasionale Skolekampioenskappe (Desember) gaan deelneem.

(v) Gekies vir Bolandspan om deel te neem aan 'n interprovinsiale byeenkoms vir kies van Wes-Kaapspan en onder die eerste drie plekke eindig.

Halfkleure:

(i) Atlete wat Boland by die Wes–Kaap Kampioenskappe verteenwoordig.

(ii) Atlete wat by die Bolandkampioenskappe onder die eerste 6 plekke in enige item eindig.

### 3.2.2 SWEM

Erekleure:

Swemmers wat kwalifiseer en deelneem aan:

- SA Nasionale Junior kampioenskappe (SANJ)
- Vlak 3 klubkampioenskappe en bewys lewer dat hy/sy in ten minste een item 'n SA Nasionale Junior kampioenskap-tyd geswem het.
- SA Senior Nasionale kampioenskappe
- Wes-Kaap provinsie verteenwoordig by die Nasionale kampioenskappe (SA skole)

Die volgende moet saam met die kriteria dokument gelees word:

- Voormelde is onderhewig daaraan dat die swemmer die skool tydens die skool se amptelike galas moes verteenwoordig.

Halfkleure:

1. Swemmers wat kwalifiseer en deelneem aan:
- Vlak 3 klubkampioenskappe
- Vlak 2 Klubkampioenskappe en bewys lewer dat hy/sy in ten minste een item 'n level 3-tyd by die gala geswem het.

2. Senior swemmers wat 5 keer (Graad 10 – 12) die skool verteenwoordig het in die Interskole- sowel as die Seshoekige byeenkoms.

Die volgende moet saam met die kriteria dokument gelees word:

- Kriteria genoem onder punt 1 is onderhewig daaraan dat die swemmer die skool tydens die skool se amptelike galas moes verteenwoordig.
- Kriteria genoem onder punt 2 maak voorsiening dat, indien 'n gala om een of ander geldige rede (bv gevaarlike weersomstandighede of siekte) gekanselleer of gemis word, die ander gala steeds geld vir daardie spesifieke jaar.

3.2.3 TWEEKAMP

Erekleure:

Verteenwoordig Boland A-span op SA kampioenskappe. (O/15; O/17; O/19 en Ope)

Halfkleure:

- Verteenwoordig Boland A-span by die Interprovinsiale byeenkoms. (O/15; O/17; O/19 en Ope)
- 75% deelname aan Boland byeenkomste.

3.2.4 TENNIS

Erekleure:

Word toegeken aan leerders wat tot die Wes-Kaapspan of Kavaliers A of B span, of 'n Nasionale span verkies word – alle ouderdomsgroepe. ('n Tennisseisoen strek vanaf kwartaal 4 tot die volgende jaar se kwartaal 1)

Halfkleure:

'n Leerder moet die skool se eerste span in 70% van wedstryde, oor twee jaar agtereenvolgend, verteenwoordig OF tot die Weskus-suidspan / Kavaliers Plattelandspan verkies word. ('n Tennisseisoen strek vanaf kwartaal 4 tot die volgende jaar se kwartaal 1)

3.2.5 SKAAK

Erekleure:

Leerders wat tot die Wes-Kaapspan verkies word en 'n toernooi verteenwoordig wat deur CHESSA en/of die SA Skole Skaak Federasie erken word.

Halfkleure:

'n Leerder moet die skool se A-span in 70% van die wedstryde, oor drie jaar agtereenvolgend, verteenwoordig OF 'n leerder wat tot die Weskusspan verkies word.

3.2.6 LANDLOPE

Erekleure:

Leerders wat gekies word vir Wes-Kaap skolespan vir deelname aan die SA Skole Kampioenskappe.

Leerders wat gekies word vir Boland Landloopspan vir deelname aan die ASA Landloop Kampioenskappe.

Leerders wat gekies word vir enige Boland Atletiekspan (landloop en/of Padwedlope) vir deelname aan 'n SA kampioenskappe.

Gekies vir Bolandspan om deel te neem aan 'n interprovinsiale byeenkoms vir kies van Wes-Kaapspan en onder die eerste tien (10) plekke eindig.

Halfkleure:

Leerders wat gekies word vir die Boland skolespan vir deelname aan die Wes- Kaap Landloop Kampioenskappe.

Drie keer onder die eerste ses plekke eindig by Bolandskole proef byeenkomste.

3.2.7 GHOLF

Erekleure:

Provinsiale Span haal wat aan 'n Interprovinsiale Toernooi deelneem.

Halfkleure:

Streekspan haal wat aan `n provinsiale toernooi deelneem.

'n Leerder wat die skool se eerste span in 70% van wedstryde oor twee jaar verteenwoordig.

3.2.8 BERGFIETSRY

Erekleure:

Deelname aan Nasionale vlak Suid-Afrikaanse reeks (Cycling SA bied dit aan, verskillende Provinsies teen mekaar): XCC, XCO, XCM, XCG – Top 3 kwalifiseer vir vol erekleure volgens puntestelsel

Deelname aan die SA-kampioenskappe (Slegs op spesiale uitnodiging van Cycling SA)

1ste, 2de of 3de plek (SA-kampioenskappe, eenmalige byeenkoms) en kontantprys (R1000 per ryer)

Halfkleure:

Deelname aan Provinsiale vlak Wes-Kaapse reeks: XCC, XCO, XCM, XCG – Top 3 kwalifiseer vir halfkleure volgens puntestelsel

Deelname aan Wes-Kaapse Skoleliga reeks - WCSC: XCO – Top 3 kwalifiseer vir halfkleure volgens puntestelsel

Deelname aan die Wes-Kaapse kampioenskappe (Slegs op spesiale uitnodiging van WP Cycling)

1ste, 2de of 3de plek (WP kleure) en kontantprys (R750 per ryer)

*(Nota: Die Wes-Kaap byeenkomste is egter 'n hoër prestasie as die Wes-Kaap skolereeks, want die bane is baie moeiliker)*

Suid-Afrikaanse kleure:

Verteenwoordig SA internasionaal as deel van die amptelike SA-span.

*(Nota: Individue mag aan die internasionale byeenkomste en Afrika-byeenkomste soos die "Olympic" byeenkoms of die UCI byeenkomste deelneem sonder om SA te verteenwoordig en kwalifiseer dan nie vir enige kleure nie.)*

### 3.3 BUITESKOOLSE SPORTSOORTE:

**Sportsoorte wat nie in die Skoolprospektus gelys is nie, wat sal insluit karate, stoei, pluimbal, aksie-netbal, perdry, veerpyltjies, rolbal, muurbal, motorsport, 'Open water swimming', binnenshuise hokkie, Biathlon, ens.**

Erekleure:

'n Leerder moet sy/haar land op internasionale vlak verteenwoordig.
Sien par. 1.6 vir verdere riglyne in hierdie verband.

Halfkleure:

'n Leerder moet sy/haar provinsie / distrik verteenwoordig op Nasionale vlak.
Sien par. 1.6 vir verdere riglyne in hierdie verband.
Leerder moet 'n wettige dokument van die Hoofde van die betrokke sportsoort/organisasie indien om te bevestig dat hy wel tot hierdie Provinsiale span verkies was en deelgeneem het.

## 4 KULTUUR-AKTIWITEITE

### 4.1 REDEVOERING - [balkie: REDEVOERING / DEBAT/ VASVRA]

4.1.1 DEBATSPANNE

Erekleure:

'n Leerder wat in 'n Interprovinsiale kompetisie onder die eerste drie plekke eindig.

Halfkleure:

'n Leerder wat in 'n Interprovinsiale kompetisie onder plekke vier tot ses eindig.

'n Leerder wat 3 jaar agtereenvolgend in 'n debatspan dien.

4.1.2 REDEVOERING (individueel)

Erekleure:
Onder die eerste drie plekke in Nasionale kompetisie.
Halfkleure:
Behaal eerste plek by 'n streekkompetisie.

4.1.3 VASVRA

Slegs halfkleure:
Ten minste drie agtereenvolgende jare getroue lid van vasvra-span.

Ontvang halfkleure na voltooiing van derde jaar.

**4.2 MUSIEK – praktiese instrument of teorie [balkie: MUSIEK]**

Let wel : Sang word hier ook as 'n instrument beskou.

Erekleure:
UNISA: Behaal ten minste lof (minimum 80%) in UNISA-eksamen graad 6 in (skool) graad 10 of vroeër, OF graad 7 UNISA in (skool) graad 11 of vroeër, OF graad 8 UNISA Eervolle vermelding (minimum 70%).

ROYAL SCHOOLS OF MUSIC: Behaal ten minste Lof (minimum 86%) in eksamen graad 6 in (skool) graad 10 of vroeër OF graad 7 in (skool) graad 11 of vroeër. OF behaal graad 8 eervolle vermelding (minimum 80%).

TRINITY COLLEGE: Behaal ten minste Lof (minimum 87%) in eksamen graad 6 in (skool) graad 10 of vroeër OF graad 7 in (skool) graad 11 of vroeër. OF behaal graad 8 eervolle vermelding (minimum 75%).
Die punteverdeling verskil tussen die verskillende musiekskole. Ons moet voorsiening maak vir die verskeidenheid.
Behaal algehele eerste plek in Internasionale kompetisie.
Word gekies as lid van 'n Nasionale Konsertorkes.

Halfkleure:

Vir leerders wat die UNISA ererol haal in graad 3, 4, 5 eksamens (enige skoolgraad)

**4.3 KOOR [balkie: KOOR]**

Erekleure:

Ten minste vierde jaar as koorlid van 'n koor wat in al vier daardie jare agtereenvolgend 90% of hoër (Hoogste Lof / Cum Laude) by 'n geregistreerde Eisteddfod behaal het. Hierdie toekenning kan slegs eenmalig gedurende 'n leerder se hoërskoolloopbaan toegeken word.

As 'n leerder vir 'n nasionale Koor verkies word wat internasionaal deelneem.

Halfkleure:

Ten minste drie agtereenvolgende jare GETROUE koorlid van die skoolkoor.

Ontvang die halfkleure na voltooiing van derde jaar.

**4.4 TONEEL [balkie: TONEEL]**

Individueel:

Erekleure

Trofee-wenner (algehele beste prestasie) by toneelkompetisie.

Deelname vir drie jaar aan die Shakespeare School's festival en verkies tot 'n hoofrol.

Proscenium Nasionale toneelspelkompetisie - wen 'n prys vir die beste in 'n kategorie OF leerder wen 'n rol in 'n produksie.

Digitoneel: Behaal Top 8 en toneel word lewendig op KykNet uitgesaai.

Halfkleure:

Goue sertifikaat/toekenning by toneelkompetisie.

Aangewys as algehele wenner van 'n streek toneelkompetisie.

Proscenium Nasionale Toneelspelkompetisie: Behaal Top 8 posisie, dus die finaal.

Digitoneel: Behaal Top 16 posisie, dus die finaal.

Deelname vir vyf jaar aan die Shakespeare School's festival.

Indien daar 'n baie besondere prestasie bereik word wat nie in die kriteria verwoord is nie, sal die erekleurekomitee daaroor vergader om die individuele geval te hanteer.

**4.5 DANS [balkie: DANS]**

4.5.1 MODERNE DANS:

Eksamens is hier van toepassing: Eksamens van die South African Dance Teachers Association (SDTA) geaffilieer by die WDF, World Dance Association. Leerders kom nie in aanmerking vir erekleure indien hulle ouer is as die genoemde ouderdom vir 'n sekere vlak-eksamen nie.

Erekleure:

Behaal algehele eerste plek in Suid-Afrikaanse kompetisie waar ten minste vyf provinsies verteenwoordig word, m.a.w. leerder verwerf Suid-Afrikaanse kleure.

Halfkleure:

Behaal 85% of meer in 'Level' / Graad 6

Behaal 90% of meer in 'Level' / Graad 4, 5

4.5.2 BALLET:

Eksamens van The Royal Academy of Dance OF Cecchetti word erken.

Erekleure:

Graad 7-eksamen – behaal 75% of meer.
Graad 8-eksamen – behaal 75% of meer.
Intermediate en Advanced – behaal 75% of meer.

Halfkleure:

Behaal 70% - 74% in graad 6, 7, 8.

Intermediate, Advanced eksamens 70% - 74,9%.

4.5.3 BALLROOM / HIP-HOP:

Erekleure:

Behaal algehele eerste plek in Suid-Afrikaanse kompetisie waar ten minste vyf provinsies verteenwoordig word, m.a.w. leerder verwerf Suid-Afrikaanse kleure.

Halfkleure:

Behaal algehele eerste plek in ten minste twee kategorieë in 'n provinsiale kompetisie.

**4.6 EISTEDDFOD – [balkie: EISTEDDFOD]**

Erekleure:

- 'n Leerder moet ten minste in VIER verskillende kategorieë 90% of meer (waar dit die hoogste toekenning by 'n Eisteddfod is) behaal, in ten minste DRIE verskillende kategorieë/genres, by ten minste TWEE geregistreerde Eisteddfods behaal.
- OF VIER Cum Laude / Hoogste Lof / Goud in 2 kategorieë en 2 of meer medaljes / trofee-wenner by ten minste TWEE geregistreerde Eisteddfods.

Halfkleure:

- 'n Leerder moet in ten minste DRIE verskillende kategorieë 90% of meer (waar dit die hoogste toekenning by 'n Eisteddfod is) by enige Eisteddfod behaal;
- OF TWEE Cum Laude / Hoogste Lof / Goud in 2 kategorieë en 'n medalje / trofee wenner by 'n geregistreerde Eisteddfod.

Kategorieë / Genres:

- Voordrag – sluit in alle prosa, poësie, gedigte – voorgeskrewe of eie keuse of enige taal of voorbereid of onvoorbereid – een kategorie
- Lees – voorgeskrewe of eie keuse – enige taal, voorbereid of onvoorbereid
- Toneelspel: Groepprojekte – voorgeskrewe of eie keuse – enige taal; gedramatiseerde prosa – een kategorie; Tweespraak
- Mimiek
- Dans – sluit in alle danse, ballet, ballroom, kontemporêr, groepe of solo's – een kategorie
- Sang – solo's, duette, trio's met enige soort begeleiding – een kategorie
- Instrumentaal – enige instrument – solo's, duette, trio's, ensembles met of sonder begeleiding – een kategorie
- Skeppende skryfwerk – opstelle, gedigte, enige taal – een kategorie
- Kuns – visuele kuns enige medium, keramiek of ander drie-dimensionele kuns
- Fotografie
- Redevoering

### 4.7 VISUELE KUNS / ONTWERP – [balkie: KUNS]

Erekleure:

Algehele wenner in 'n nasionale kompetisie.

Halfkleure:

Behaal tweede of derde plek in 'n nasionale kompetisie.

### 4.8 SKRYFKUNS – [balkie: SKRYFKUNS]

Erekleure:

Algehele wenner by landswye (nasionale) prestige skryfkompetisie.

Halfkleure:

'n Pryswenner (onder top vyf) by landswye (nasionale) prestige skryfkompetisie.

### 4.9 FOTOGRAFIE / VIDEOGRAFIE

Halfkleure:

'n Leerder moet 'n prestasie of toekenning in 'n kompetisie behaal by 'n gerekende amptelike publikasie asook lid van die skool se fotografie-klub wees.

## 5 ANDER BUITEMUURSE AKTIWITEITE

### 5.1.1 KRIEKET: TELLINGHOUERS EN SKEIDSREGTERS

Erekleure:

'n Leerder moet aan een van die volgende vereistes voldoen:

a. ‘n tweede maal gekies word om tydens die Nasionale week op te tree.

b. gekies word om vir die SA Skole of Boland senior as tellinghouer op te tree.

c. as 'n graad II of III skeidsregter te kwalifiseer met 'n persentasie van 80% of meer.

Halfkleure:

'n Leerder moet aan een van die volgende vereistes voldoen:

a. een keer optree as 'n tellinghouer tydens ‘n Nasionale week.

b. gekies word vir Boland skole of Boland Platteland as tellinghouer.

c. as graad I skeidsregter kwalifiseer met 'n persentasie van 80% of meer OF as graad II of III met 'n persentasie van onder 80%.

### 5.1.2 HOKKIESKEIDSREGTERS

Erekleure:

Skeidsregters wat Level 2 gradering behaal het, en in ‘n SAHA erkende toernooi blaas (moet IPT O/16 en hoër wees).

Halfkleure:

Skeidsregters wat Level 1 gradering behaal het, en in ‘n SAHA erkende toernooi blaas (moet IPT O/14 en hoër wees).

### 5.1.3 NETBALSKEIDSREGTERS

Erekleure:

Leerder wat ‘n gradering van A of B behaal het.

Halfkleure:

Leerder wat ‘n gradering van Level 2 met 80% of meer behaal het met ‘n gradering van C of D.

### 5.2 VOORTREKKERS

Erekleure:

Leerders wat die President Verkennerstoekenning ontvang.

Halfkleure:

Leerders wat tot ‘n Jeug Streekleier van die Wes-Kaap verkies word EN/OF die Hoofleierswag kursus suksesvol voltooi het.

**Let wel:** 1.6 word toegepas in uitsonderlike gevalle

5.3 **NOODHULP – [balkie: NOODHULP]**

Erekleure:

'n Leerder moet Vlak 3 in noodhulp verwerf met 'n punt van 80% of meer, en daarna noodhulpdiens van 50 ure of meer by HSS verrig het.

Halfkleure:

'n Leerder moet Vlak 1 in noodhulp verwerf met 'n punt van 80% of meer, en daarna noodhulpdiens van 30 ure of meer by HSS verrig het.

5.4 **JEUGSKOU**

Erekleure:

'n Leerder wat goud behaal by die Nasionale Jeugskoukampioenskappe in onderskeie afdelings.

Halfkleure:

'n Leerder wat die provinsiale (WP)-span by die Nasionale Jeugskoukampioenskappe in onderskeie afdelings verteenwoordig.

**Erekleurekomitee:**

**Die komitee bestaan uit die skoolhoof, adjunkhoof, hoofde van onderskeie dissiplines (akademie, kultuur en sport), sowel as twee ouerlede van die beheerliggaam.**

Hierdie erekleure- en halfkleure kriteria dokument moet jaarliks teen Oktober hersien word.